

VrydagNuus – 'N TERUGBLIK ...

Hiermee enkele uittreksels uit *VrydagNuus*-briewe sedert 2004. Dit wys iets van Ben se pad met die ontwikkeling van elektroniese kommunikasie (en van woelinge in die kerk).

Ben se unieke gawe met woorde spreek uit menige opmerkings by "Vooraf" (boaan die nuusbriewe), sowel as by "Ten Slotte" onderaan. Sy raak opsomming van situasies, sy sensitiwiteit vir uiteenlopende kontekste en mense. Sy opstaan vir ander se menswaardigheid – nee, GODwaardigheid. Sy **OMGEE**. Sy besorgdheid oor hoe "die kerk" met mense maak. Maar terselfdertyd, soos óók hieronder duidelik wys, sy gesonde humorsin ☺

Ben, namens honderde lesers oor die jare: dankie vir jou **bediening van die Evangelie** deur elke *VrydagNuus*. Jy laat 'n merkwaardige nalatenskap. Jou nuwe werkkring (PSD: Teologiese Navorsing en die Argief) is bevoorreg om in jou menswees en kundigheid te deel.

Met opregte waardering vir waardevolle lesse geleer,

Marieta Visagie
29 Augustus 2014

Vrydagnuus 23 Januarie 2004

Ten Slotte: Weereens asseblief, asseblief! Sal alle skribas en predikante in gemeentes tog asb seker maak dat die VGK-gemeentes in julle omgewing die *Vrydagnuus* (sic) kry. Doen tog navraag en verwys na die aanhangsel Kommunikasie NGK en VGK vir die agtergrond van die saak. Ons moet mekaar help in hierdie verband. Ons wil in mekaar se lewenservaring deel. Ons wil op hierdie manier die eenheid van die kerk op 'n sinvolle manier dien. Hierdie versoek het die seën van beide kerke se leierskap.

Vrydagnuus 28 Oktober 2005

Ten slotte: Sinode-name verander!

Twee van die Transvaalse sinodes het op 'n naamsverandering besluit om in te pas in die nuwe demografiese indeling van provinsies. Die Noord-Transvaalse sinode word nou die NGK Noordelike Sinode genoem. Die Suid-Transvaalse sinode word voortaan die NG Sinode Hoëveld genoem. Die Oos-Transvaalse sinode het ook besluit op 'n naamsverandering, maar daaraan moet nog aandag gegee word. Die naam Blou Bul-sinode is gelukkig nie aanvaar nie!!!

VrydagNuus 24 Maart 2006

Oral word daar gereedgemaak vir Pinkster, vir Paasfees, vir KKNK, vir... Lekker om te beleef dat daar soveel energie tussen ons is – soveel kreatiwiteit wat vir ons die lewe iets maak om na uit te sien, oomblikke van vreugde, diepte, sin-ervaring. Het die Here ons nie wonderlik gemaak nie? Is Hyself nie woord-onbeskryflik nie?

Dié dat ons maar musiek maak, prentjies teken (met pen, kwas en toneel), simboliek van handeling, beweging en tasbaarhede gebruik – alles om iets te probeer sê oor ons verwondering oor God en die lewe. Vir almal wat met hierdie “regmaak” besig is: mag die Here julle seën, sodat ander geseën kan word ...

VrydagNuus 5 Mei 2006

Ten slotte: Op 16 April 2006 word ou-aartsbiskop Desmond Tutu so aangehaal in die media: *“It’s not easy when you want to speak out against people who are really on your side and you are wondering whether it will upset the process of nation-building.”* Daarop het hy gevolg dat dit makliker was vir die kerke om in die tyd van apartheid, toe Suid-Afrika deur ‘n wit minderheid regeer is, teen daardie regering hulleself profeties uit te spreek. Dit bly maar die swaar van om profeet te moet wees in jou eie land, in jou eie dorp, tussen jou eie mense. Miskien sal dit help as ons die “eie” wyer kan definieer in ‘n herenigde kerk? Dan sal die “hulle” en “ons” ook verander ...

VrydagNuus 19 Januarie 2007

Die jaartal 2007 gaan in vele opsigte ‘n bepalende een wees vir almal van ons. Gedurende hierdie jaar gaan dit duidelik word wie die volgende president van ons land gaan wees. Gedurende hierdie jaar gaan ons Algemene Sinode sit – waar daar oor belangrike kwessies (soos kerkhereniging, gereformeerde identiteit, homoseksualiteit, geestes-bevryding, sosiale en ekonomiese geregtigheid) besluit gaan word, wat die NG Kerk onherroeplik gaan verander (maak nie saak wat die uitslae rondom die sake gaan wees nie). Teen die einde van die jaar (Oktober-November) vergader al drie die NG-sinodes van Kaapland – waarby hierdie sake weerklank gaan vind.

Vir dit alles het ek regtig net een gebed wat deur my kop maal – en wat ek aan julle almal wil deurgee: *“Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom ...”* (Fil 1:9-10)

VrydagNuus 26 Januarie 2007

Ten slotte

Iemand kom vanoggend rooi van die hitte hier by my kantoor ingestrompel en sê: as jy ooit al gewonder het oor die bestaan van die hel – en empiriese bewyse nodig het daarvoor – ek het dit gekry: Ek was in Wellington ...

VrydagNuus 25 Januarie 2008

Ten slotte

As jy dalk ‘n oomblik van stilte het, gaan lees weer die hele **Romeine 12** rustig deur – selfs meer as eenmaal. Ek is oortuig daarvan dat jy verwonderd sal wees oor die vrede, rustigheid en helderheid wat oor jou gaan kom, in die teenwoordigheid van ‘n ontfermende God.

VrydagNuus 8 Februarie 2008

Ten slotte

Ons NG Kerkfamilie is so dikwels in die nuus oor negatiewe sake: twis en spanning, verskil van mening, agterdog, ens. Hierdie dinge is natuurlik daar. Dit leef onder ons. Is 'n realiteit. Maar, daar's soveel dinge wat so onbeskryflik mooi is, goed is, positief is – oral deur ons land – en elke Sondag het ons weer die voorreg om as gemeentes die Goeie Nuus te hoor en daarin getroos te lewe vir die week wat voorlê. En, ons kan (en is) 'n bron van hoop vir ons konteks. Ons kan met reg meer so oor onself dink – en 'n verskil maak aan ons omgewing.

VrydagNuus 14 Augustus 2009

Ten slotte

Kruger du Preez skryf onder andere in HEFSIBA se nuusbrief:

Ek voel vandag, Dinsdag, darem al baie beter. Kom interessante verse teë in hierdie dae, soos Spreuke 18:14: "Innerlike sterkte laat 'n mens sy liggaamlike siekte dra. Hoe kan iemand egter uithou as hy moed verloor het?"

Hoe kan iemand uithou as hy/sy moed verloor het?

Vir diegene van julle wat wel moed verloor het: Die Here sal jou as sy kosbaarste besitting nooit vergeet nie!

VrydagNuus 11 September 2009

GEBED

Here ons God, ons kom bid vir mekaar.

Ons kom saam dankie sê
vir die wonders van die lewe.

Ons bid saam met en vir diegene
wat sukkel om te bly glo
omdat dit nie lyk of dit help nie,
en omdat hulle - en ons - nie verstaan
hoekom verkeerde dinge gebeur
in 'n wêreld wat U reg geskep het nie.

Ons vra dat daar tog elke dag vir elkeen van ons
oomblikke van herkenning sal wees
wanneer ons u werklike teenwoordigheid
in ons lewens kan raaksien -
en kan voortgaan om te glo.

Amen

Uit *Gebedeboek vir die Lewe 2007* (p 252)

(Ben du Toit, na aanleiding van Lukas 24: 15 – 31)

VrydagNuus 30 Oktober 2009

Ten slotte

Malawi is my geboorteland. Ons kerk daar, is my doop-kerk. Op Nkhoma is ek gebore en daar's my ma begrawe. By die meer staan 'n huisie met haar naam op. Dis baie moeilik om oor 'n besoek aan hierdie hartland van my sonder diep emosie te skryf. Maar ek dra graag my indrukke met groot eerbied en respek op aan almal in die NG Kerkfamilie wat op een of ander manier (in die geskiedenis) deur hierdie land en sy mense aan mekaar verbind is.

VrydagNuus 5 Februarie 2010

Ten slotte

Mens sien dit skielik net in iemand se lyftaal. Dis nie soos ander oggende nie. Die stap is 'n rapsie stadiger; die omdraai van die lyf meer nadenkend; die ooptrek van die laai stadiger, huiwerig. Wat is dit? Waar kom dit vandaan? Hoe is dit moontlik dat hartseer en pyn, verlies en verlange, ontnugtering en skok, so duidelik in 'n mens se lyf gesien kan word. Wanneer gaan dit ophou: die lewens-seer wat somtyds dreig om ons van ons asem te beroof? Kom ons let op na mekaar se taal, werk sag met mekaar, skep ruimte vir onbedwingbare emosie – laat mekaar regtig veilig voel. Salig is hulle wat weet hoe afhanklik hulle van God is ...

VrydagNuus 11 Februarie 2011

Ten slotte

Hy's 'n dominee in 'n gemeentetjie in die vêrste uithoek van die provinsie. Hy skryf: "Ek sal nooit die raad van een van die ou sendelinge vergeet nie: wanneer jy na die vakansie weer moet begin werk en jy half moedeloos is en nie mooi weet waar om te begin nie, kom by jou mense uit. Gaan besoek die lidmate en buiteposte. Kyk na die mooi dinge wat in die gemeente gebeur. Word versterk deur jou lidmate se geloof en dade." Vir kollegas vir wie die jaar in die gemeente soos 'n groot leë vlakke voor hulle uitstrek ...

VrydagNuus 18 Februarie 2011

Ten slotte

So hoor ons weer hierdie week van Johnny Hartney (afgetrede VGK-dominee) se vrou, Anneke, wie se ernstige siekte weer toegeslaan het. En, weet 'n mens, hier sit kollegas en kerklike amptenare voor hulle rekenaars en vrolik-na-buite kerkgoed doen, maar binne-in is dit stukkend en donker oor 'n erge, onuitspreeklike ding in hulle persoonlike lewe. Kan dit dan help as ons mekaar weer herinner aan ons diepste gereformeerde (Christelike) oortuiging, dat ons nie aan onself behoort nie, maar aan ons getroue Verlosser en Saligmaker, Jesus Christus? Dáárdie soort troos (waar mense nie kan bykom nie!) bid/wens ons mekaar toe.

VrydagNuus 29 Julie 2011

Ten slotte

Almal van ons ken sekerlik die gevoel van magteloosheid, wanneer 'n mens met ander se pyn te doen kry. Die meeste van ons het al geleer dat woorde nie werk nie. Met jou eie pyn en vrees het jy meestal nie eers goeie raad nie. Wat nog te sê met ander s'n. Dikwels ervaar mens: *Life is not fair!* Sê die bekende kletsconing, Oprah, egter: *The meaning of death is to remind you of life. Every death is meant to celebrate life.* So het deur die dood van Een die lewe gekom (Romeine 5:17).

VrydagNuus 27 Januarie 2012

VREDE

Dis 'n halwe Evangelie om te dink dat vrede en versoening iets is wat uiteindelik net tussen ons en God moontlik is. Die kruis het 'n middelpunt waar die dwarsbalk aan die hoofbalk vaskom. Horisontaal en vertikaal ontmoet mekaar. Is inmekaar gevoeg. Dis nie 'n opsie nie, anders is daar nie 'n kruis nie – en dis die goeie nuus. Moeilik somtyds, maar moontlik, omdat dit God se werk is (2 Kor 5: 17-18).

VrydagNuus 24 Februarie 2012

Ten slotte

'n Mens leef onafwendbaar in 'n spanningsveld
tussen geloof en twyfel;
tussen hoop en wanhoop;
tussen vreugde en hartseer;
tussen verwagtings en teleurstellings;
tussen die opwinding van nuwe verhoudings en die angs van afskeid;
tussen lewe en dood.

Dis soos die hakies in 'n sin. Wat insluit. Toemaak. Dit is in hierdie spanning waar die moontlikheid van iets nuuts, iets unieks, iets kreatief lê. En, intussen sluit die Here ons in, van agter en van voor, soos hakies met woorde doen.

U sluit my in van agter en van voor, en U lê u hand op my.

Om dit te begryp, is te wonderbaar vir my, te hoog:
ek kan daar nie by (kom) nie (Ps:139:5-6)

VrydagNuus 1 Junie 2012

Ten slotte

Ek hoor dat die Skotte mens glo aanmoedig om die lewe te geniet. Want, sê hulle, jy gaan baie lank dood wees ☺

VrydagNuus 22 Junie 2012

Gemeentes se Worsteling

“Den Hoogen God alleen tot eer. Ter gedaghtenis aan de onvergetelyke jaren 1910 – 1913 waarin deze gemeente haar schuld van £11.00 grootendeels door een ongeluk ingekomen, afgeworsteld had.” So staan dit op 'n gedenkteken neffens Nieuwoudtville se kerkgebou. 'n Herinnering aan die tipiese lief en leed van – en intriges in - alle gemeentes. Dink net: 'n monument opgerig uit dankbaarheid vir R22 oor drie jaar verhaal.

VrydagNuus 7 September 2012

Ten slotte

Dink ons (nog) dat dit moontlik is om deur God verras te word?
Dat daar nuwe lewe in 'n verdorde verhouding kan kom?
Dat die siekte se meedoënlose gang gestuit kan word?
Dat my verloopte kind 'n draai kan maak?
Dat 'n krisis tot 'n positiewe oplossing kan lei?
Dat my suf gedinkte verstand 'n kreatiewe oomblik kan beleef?
Leef ons nog in hierdie verwagting van God?
Of, het ons dit vermoed verloor?

Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien – 2 Pet 1:3.

VrydagNuus 9 November 2012

Ten slotte

Die jaar 2012 storm holderstebolder na sy einde toe – en langs die pad vat ons hier en daar iets krampagtig vas om saam te neem. En mens wonder somtyds wat jy misgevat het: Wat het agtergebly? Is wat jy wél sáám-het, blywend van aard? Dalk moet mens jou hand oopmaak en sien wat jy wel daar het?

VrydagNuus 7 Desember 2012

Sal julle asseblief onthou ...

... dat toe Jesus in Betlehem gebore is, God deur hierdie Kind met die wêreld kom praat het... dat Hy Homself só weerloos aan die skepping blootgestel het... dat dít (Hy) die Woord van God was wat ondubbelsinnig wou kom sê: God is liefde; God is genadig; God is barmhartig; God is ook ál hierdie dinge in die wêreld deur ons... dat jy en jou menswees (mos óók gebore) vir God 'n wonderlike vreugde is ... dat hierdie Ewige God Homself aan jou verbind het (doop)... dat Hy sy spore voor jou uit trap waarin jy kan volg sodat, as jy agtertoe kyk, mens net een ry sien? Sal jy dit onthou en dít jou vrede gee? Vir wat ook al volg?

VrydagNuus 3 Mei 2013

TEN SLOTTE

Die aanhalings vooraf uit die Heidelbergse Kategismus is 'n uitdaging vir ons as belydende Christene (predikante én lidmate) om ons te vergewis van die inhoud van ons geloof – weliswaar in 'n skryfwyse en taal uit 'n tyd lank gelede. Maar dis juis die uitdaging: Wat beteken dit vandag?

En Kierkegaard, die Deense filosoof, het gesê: *“At first I thought prayer was talking. Then I learned that it was to be silent. That means listening not to your own voice but to the voice of God.”*

VrydagNuus 29 November 2013

Ten slotte

Om van gewéét te wees ... nie deur God vergeet nie, of vriende, familie: Dis waarskynlik almal se heimlike wens. En vrees, dat dit wél sal gebeur. Vir baie is Kerstyd so 'n tyd. Wanneer die geraas van die jaar stil raak. Net die skerp, uitstaande punte van wat verby is, bly oor. Dis dán dat ons julle 'n op-die-rug-lê-oomblik a la Cussons toewens. 'n Helder oomblik van wéét ... van versekering. Soos 'n engel deur jou kop.